MOORREESBURG
SAKEKAMER
Saam, sigbaar & vorentoe!

31 Maart 2023

Wie dit mag aangaan,

KOMMENTAAR TEN OPSIGTE VAN SWARTLAND RUIMTELIKE ONTWIKKELINGS RAAMWERK MET SPESIFIEKE VERWYSING NA MOORREESBURG.

Aanhangsels:

A- Sportpark aanbieding
B- Sportpark kostes
C- Sportpark plan
D- Sportpark Fase 1
E- Sportpark Fase 2
F- Sportpark Fase 3
G- Sportpark Fase 4
H- Sportpark Fase 5
I- Gouda Road Assesment
J- Gouda Road Assesment by Lime Sales
K- Gouda Road Letter by Swartland Logistics

Inleiding:

Die bestuur van die Moorreesburg Sakekamer verwys na: ***"WYSIGING VAN RUIMTELIKE ONTWIKKELINGSRAAMWERK VIR SWARTLAND MUNISIPALITEIT / AMENDMENT OF THE SPATIAL DEVELOPMENT FRAMEWORK FOR THE SWARTLAND MUNICIPALITY"*** soos beskikbaar op Swartland Munisipaliteit se webtuiste.

Soos per kennisgewing, (http://www.swartland.org.za/media/docs/2023/Ontwikkelingsdienste_2023/Kennisgewings_20222023/Notice_55.pdf) lewer die Sakekamer graag insette en kommentaar op die Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk.

"SAAM, SIGBAAR & VORENTOE"

Posbus 602, MOORREESBURG, 7310
E-POS: admin@moorreesburgsakekamer.co.za of voorsitter@moorreesburgsakekamer.co.za
Webtuiste: www.mrbsake.co.za

Voorsitter: S.P. Visser – Onder-voorsitter: F.A. Els
Tesourier: J De Bruyn – Bestuurslede: J A Smit, M Langehoven, P Botha; L Thomas, C vd Merwe – Sekretaresse: Isabel Crous

Agtergrond

Moorreesburg Sakekamer is onder nuwe bestuur en dit is die bestuur se doel om in die toekoms ‘n meer aktiewe rol te speel met skakeling tussen die sakekamer en die betrokke plaaslike, provinsiale en nasionale owerhede.

Ons glo dat die insette in hierdie dokument ‘n positiewe bydrae kan lewer tot Moorreesburg en sy gemeenskap.

Die sakekamer het uitgereik na besigheidseienaars en individue in Moorreesburg om die nodige insette te kry voor die sperdatum van 31 Maart 2023.

Insette en Kommentaar

A. <u>Tiere Sportpark</u>

i. Daar is al vir geruime tyd ‘n behoefte van beide Laerskool en Hoërskool Dirkie Uys om sy eie sportgronde te bekom. Tans maak die skole gebruik van die sportgronde by Gene Louw.

ii. Hierdie veroorsaak uitdagings op sy eie. ‘n Sportpark kommittee is op die been gebring om die proses aan die gang te sit om ‘n sportpark te vestig. Tydens kommunikasie met Swartland Munisipaliteit (SM) vroeër hierdie jaar is die sportpark geregistreer as ‘n IDP projek.

iii. Die sakekamer ondersteun die behoefte van die sportpark en die vestiging van die fasiliteite sal nie net vir Moorreesburg as geheel ‘n bate wees nie, maar vir die hele Swartland & Weskus.

iv. Moorrreesburg sakekamer versoek ook SM se ondersteuning in die verband spesifiek met kommunikasie na die nodige rolspelers by die verskillende regerings departemente bv: Weskaap Onderwys, Departement Openbare Werke en Sport en Kultuur.

v. Verwys na Aanhangsels A-H vir deeglike agtergrond en kostes van die beplande sportpark.

B. <u>Beskikbaarheid van Erwe</u>

i. Verskeie faktore dui dat Moorreesburg die potensiaal het om te kan groei, in beide inwoner tal en besighede bv, die opgradering van die N7 asook ‘n goeie internetverbinding is maar twee voorbeelde wat daartoe kan lei dat Moorreesburg oorweeg sal

word om te kom woon of om besighede te vestig.

ii. Die sakekamer het verneem van multi-nationale besighede wat tans dit oorweeg om hulself te vestig in die dorp namate infrastruktuur in die omgewing opgegradeer word. Dit het dan ‘n direkte uitwerking op behuising.

iii. Moorreesburg ervaar tans ‘n baie groot tekort aan behuising vir beide lae inkomste en hoër inkomste groepe.

iv. Die sakekamer versoek dat hierdie dringende aandag sal geniet om in die toekoms hierdie probleem so vinnig as moontlik aan te spreek. Die beskikbaar maak van erwe vir beide residensieël en industriele doeleindes sal ‘n postiewe bydrae lewer tot Moorreesburg.

v. Die mislukte ontwikkeling oorkant Gene Louw sportgronde sou hierdie probleem deels kon aanspreek. Die sakekekamer is egter in gesprek met SM oor die aangeleentheid en ons waardeer die pogings wat aangewend word om die aangeleentheid aan te spreek, maar versoek dat dit as prioriteit hanteer sal word en ons gereeld terugvoer gee rondom vordering van die eiendom.

C. <u>Behoefte vir senior versorging</u>

Die ACVV ouetehuis in Moorreesburg bedien die ouer gemeenskap in die Swartland veral ten opsigte van versorging.

i. Tans is daar ‘n terkort aan versorgings fasiliteite vir spesifiek die bejaarde gemeenskap. Bejaardes moet etlike maande selfs jare op ‘n waglys wees voordat daar ‘n kamer of woonstel beskikbaar is. Vir tyd en wyl moet hulle dan by familie tuis gaan wat alreeds nie die nodige geriewe of kennis het om sorg te bied nie.

ii. Die sakekamer versoek dat SM ons die nodige leiding gee om ‘n proses aan die gang te sit wat die probleem van senior versorging kan aanspreek en dan sodoende ‘n oplossing te kan vind.

D. <u>Munisipale Swembad</u>

i. Moorreesburg Sakekamer wil van die geleentheid gebruik maak om SM te bedank vir die instandhouding van die swembad asook die bou van n gedeeltelike nuwe grensmuur. Die swembad bied daadwerklik n lafenis vir die gemeenskap tydens die tipiese warm

Swartland hitte golwe.

ii. Ongelukkig het daar tydens 2022 ‘n persoon verdrink. Klaarblyklik is dit genoem dat die huidge omheining nie voldoende is om lede van die publiek uit te hou nie.

iii. Die sakekamer versoek dan dat SM hierdie as prioiteit hanteer en dan die nodige begroting in te dien sodat ‘n heining gebou kan word om enige ongelukkige insidente in die toekoms te voorkom. Die sakekamer weet nie wat die offisiele rede vir die verdrinking was nie en wil onder geen omstandighede enige blaam vir enige party toe-eien nie maar versoek dat daar aandag gegee sal word.

E. Extended Public Works Programme (EPWP)

i. Die sakekamer neem kennis van die EPWP programme wat aangebied word asook die befondsing van hierdie projekte.

ii. Ons versoek vriendelik dat SM die sakekamer sal ken in die verband. Die sakekamer het potensiele projekte geïdentifiseer vir die dorp wat ‘n positiewe bydrae sal lewer in terme van werkskepping en die omgewing.

F. Plaaslike Kliniek

i. Die plaaslike klinkiek in Moorreesburg kan ook onder die vergrootglas kom. Die sakekamer het van inwoners verneem dat die kliniek sukkel om na die behoeftes van die gemeenskap om te sien. Daar is ook sprake dat die kliniek al geoormerk was vir opgradering.

ii. ‘n Spesifieke probleem is dat daar tans geen skuiling is vir pasiënte wat wag om personeel te sien nie. Pasiënte moet in lang rye buite die gebou wag en soms in gure weersomstandighede.

iii. Dit is die sakekamer se versoek dat SM die nodige skakeling met Weskaap Provinsiale Gesondheid doen om hierdie dringende probleem aan te spreek.

G. Moorreesburg Stasie Gebou

i. Die sakekamer is bewus dat die Moorreesburg Stasie gebou die eiendom van Transnet is en dat SM minimale insae in die bestuur van die gebou/e het.

ii. Ongelukkig is die stasie tans ‘n seer oog vir die gemeenskap en word dit tans ook gebruik deur haweloses wat dit “beset” gedurende die nag.

iii. Ons versoek vriendelik dat daar saam na oplossings gekyk sal word om die geboue minder toegangklik te maak vir beide haweloses asook vandale wat dit tans plunder.

H. <u>Paaie</u>

i. Ons verwys spesifiek na paaie binne Moorreesburg dorp wat die verantwoordelikheid is van SM. Dit is egter ‘n plesier as inwoners sien dat die paaie wel onderhou word. Ons as sakekamer wil SM bedank vir die proaktiewe instandhouding van paaie.

ii. Die sakekamer versoek egter dat ‘n skedule aan ons voorsien sal word oor toekomstige instandhouding van paaie. Paaie is tans ‘n sensitiewe onderwerp veral ten opsigte van slaggate en proaktiewe instandhouding skep gemoedsrus onder inwoners asook besigheidseienaars.

I. <u>Watervoorsiening</u>

i. Namate die Weskaap ‘n invloei van inwoners van ander provinsies ervaar plaas dit ongelukkig druk op bestaande infrastruktuur.

ii. Die Withoogte watersuiwerings fasiliteit voorsien water aan verskeie dorpe in die Swartland en meer spesifiek Weskus Distriks Munisipaliteit se verantwoordelikheidsgebied.

iii. Graag versoek ons as sakekamer enige inligting ten opsigte van toekomstige projekte om kapasiteit te verseker aan ‘n groeiende gemeenskap.

J. <u>Alternatiewe Energie</u>

i. Stad Kaapstad is gereeld in die nuus oor hulle beplande onafhankheidsplanne om elektrisiteit aan inwoners te voorsien.

ii. Die sakekamer het ook verneem van ‘n windplaas projek op die plaas Hartebeesfontein wat vir Moorreesburg beplan word.

iii. Ons versoek dat SM die sakekamer sal inlig tov watter planne daar in plek is om alternatiewe energie verskaffing te intigreer met bestaande infrastruktuur.

K. Tiger Oats gebou

i. Die ou Tiger Oats gebou is ‘n bekende baken in Moorreesburg en het ‘n baie ryke geskiedenis. Die gebou het oor die jare agter uitgegaan en onlangs is die gebou deur ‘n privaat persoon bekom om moontlik te ontwikkel.

ii. Die sakekamer versoek dat SM enige voorstelle ten opsigte van die bewaring van hierdie landmerk met ons bespreek en waar moontlik enige advies gee tov ontwikkeling. SM is seker bekend met die Old Biscuit Mill in die Kaap wat ontwikkel is en baie gewild is vir plaaslike inwoners en toeriste.

L. Gouda Moorreesburg pad (DR 1161)

i. Moorreesburg Sakekamer verstaan dat die Gouda-Moorreesburg grondpad die verantwoordelikheid van die Weskaapse Provinsiale Regering is maar versoek dat SM die sakekamer sal bystaan om die pad te laat teer.

ii. Verskeie skrywes deur pad gebruikers is al aan Department van Vervoer en Openbare Werke gemaak om die pad (DR 1161) te laat teer. Ons verstaan dat daar na verskeie kriteria gekyk word voordat oorweging gegee sal word vir die goedkeuring van so projek. Die sakekamer is dit egter eens dat daar verby die bestaande kriteria gekyk moet word aangesien n geteerde pad n groot, positiewe impak kan mee bring.

iii. Een rede wat aangevoer word vir die oorweging van so projek is die hoeveelheid voertuie wat die pad daagliks gebruik. Volgens die Departement van Vervoer moet n pad deur meer as 400 voertuie per dag gebruik word vir moontlike oorweging en tans is die daaglikse gebruik onder 400 voertuie. Die realiteit egter is dat voertuie nie die pad kan gebruik nie weens die huidige stand van die pad. Die pad word wel onderhou deur Weskus Distriks Munispaliteit maar gedurende die reen seisoen is die pad bykans ontoegangklik vir gewone pad gebruikers en is ongelukke n algemene verskynsel op die pad.

iv. Verwys na Aanhangsels I-L wat die probleem meer in diepte bespreek.

Ter afluiting

Moorreesburg Sakekamer verstaan die verskeie uitdagings wat instansies soos Swartland Munisipaliteit in die gesig staar. Die sakekamer se logo maak dit duidelik:

“Saam, Sigbaar ,Vorentoe”

Met die bogenoemde in ag geneem kan ons saam werk om sodoende Moorreesburg en die Swartland Streek vorentoe te vat.

Dit is ons hoop dat u die bogenoemde insette positief sal vind.

Sakekamer groete